



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

VRAAG 1**TEKS A: DAAR IS HOOP...**[Verwerk uit: www.sarie.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.1	(Uit) Zoeloe/isiZulu	1	1
1.2	“Liefhê”/”thanda”	1	2
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het die weeskinders gehelp om iemand van hulle eie taal/kultuur/blyplek (omgewing) te hê. • Die weeskinders kon met hulle identifiseer. (Enige EEN) 	1	1
1.4.1	Figuurlik	1	3
1.4.2	Dit het haar treurig/hartseer gemaak.	1	2
1.5	<ul style="list-style-type: none"> • Angela het onder komberse geslaap ✓ terwyl die straatkinders onder kartonne geslaap het. ✓ • Angela het in 'n bed geslaap, ✓ maar die straatkinders het op sypaadjies geslaap. ✓ • Angela se slaapplek was binne 'n huis, ✓ terwyl die straatkinders se slaapplek op die sypaadjies was. ✓ • Angela se slaapplek was warm, ✓ terwyl die straatkinders buite in die koue geslaap het. ✓ (Enige EEN)	2	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.6	“net daar”	1	2
1.7	<ul style="list-style-type: none"> • Suid-Afrika het nie die nodige infrastruktuur (om al die weeskinders te help) nie. • Daar is te veel weeskinders wat gehelp moet word. • Sy was bekommerd oor die toekoms van die weeskinders. (Enige EEN) 	1	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Voordat Angela die geldprys gewen het, het sy toebroodjies aan die weeskinders gegee. ✓ Nadat Angela die geldprys gewen het, kon sy 'n (gebalanseerde) ete aan die weeskinders gegee. ✓ • Nadat sy die prys gewen het, kon Angela gebalanseerde maaltye aan die kinders verskaf. ✓✓ (implisiete vergelyking) (Enige EEN) 	2	2
1.9	Dit het die span gemotiveer (om meer vir die kinders te doen). ✓ Dit het die span hoop gegee (dat daar nog hulp sal kom). ✓	2	3
1.10	(Angela is) vrygewig/liefdevol/simpatiek/onselfsugtig/onbaatsugtig. (Enige TWEE of soortgelyk)	2	3
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het haar grootste doel (om ook 'n biblioteek te bou) bereik. • Sy het 'n biblioteek (by die sentrum) gebou. • Sy kon net haar tweede doel nie bereik nie. (Enige EEN) 	1	2
1.12	<ul style="list-style-type: none"> • Die biblioteek is 'n plek waar die weeskinders kan studeer/boeke kan lees. • Die biblioteek is 'n plek waar hulle kennis uitgebrei kan word. • Die biblioteek is 'n plek waar die weeskinders hulle skooltake kan voltooi. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4
1.13	Angela sal dalk nie genoeg geld insamel nie.	1	4
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • Dit kan hulle help om werk te kry/geld te verdien/hulle help om selfsorgend te wees. • Dit kan hulle vaardighede laat aanleer. • Dit kan hulle bemagtig. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Sy het besef dis belangrik om 'n verhouding op te bou met die mense vir wie jy help. Sy het besef dat sy deel van die gemeenskap was. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	1
1.16.1	<ul style="list-style-type: none"> Die kinders is arm/sonder ouers/huise/het niemand om hulle te versorg nie. Hulle is VIGS-weeskinders. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	3
1.16.2	Die weeskinders oorkom hulle trauma/lyding/pyn.	1	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> Die prentjie spoor 'n mens aan om die artikel te lees. Die prentjie trek die leser se aandag. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
1.18	<ul style="list-style-type: none"> Angela se voorbeeld kan ander mense motiveer om ook betrokke te raak by minderbevoorregtes/VIGS-weeskinders. Angela gebruik haar eie geld om minderbevoorregtes/VIGS-weeskinders te help. Angela stel 'n goeie voorbeeld vir die weeskinders. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4

TEKS B: DIE IMPAK VAN GERAAS, GEMEET IN DESIBEL[Verwerk uit: www.grafika24.com]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.19	<ul style="list-style-type: none"> (Na) iemand wat snork. (Na) iemand wat (vas) aan die slaap is. (Enige EEN) 	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> Die lawaai (van 'n grassnyer) kan gehoorskade (binne 'n uur) veroorsaak. Die lawaai (van 'n grassnyer) is meer as 75 dB (wat gehoorskade kan veroorsaak). Die lawaai (van 'n grassnyer) is 85 dB (wat gehoorskade (binne 'n uur) kan veroorsaak). (Enige EEN) 	1	3
1.21	<ul style="list-style-type: none"> 'n Klas vol graad 1-kindere maak 'n geraas van 93 dB/kan gehoorskade binne 7 minute veroorsaak. ✓ 'n Man se stem is net 63 dB/veroorzaak nie gehoorskade nie. ✓ 'n Klas vol graad 1-kindere maak meer ✓ geraas as 'n man wat praat. ✓ (implisiete vergelyking) 'n Man wat praat, maak minder ✓ geraas as 'n klas vol graad 1-kindere. ✓ (implisiete vergelyking) (Enige EEN) 	2	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Barrett)
1.22	<ul style="list-style-type: none"> • B • B geen gehoorskade nie. • geen gehoorskade nie. (Enige EEN) 	1	3
1.23	<ul style="list-style-type: none"> • Die inligting word (van minder ernstig na meer ernstig) georden. • 'n Mens verstaan die inligting makliker. • Die inligting word op hierdie manier visueel verduidelik. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Punttoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1-3 korrekte feite: 1 punt
 - 4-5 korrekte feite: 2 punte
 - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
 - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

LET WEL:

- **Getal woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
 - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie of indien die getal woorde verkeerd aangedui word nie.
 - Indien die maksimum getal woorde (70) oorskry word, moet die nasiener tot by die einde van die sin waarin die 70ste woord is, lees. Die res van die opsomming word geïgnoreer.

VRAAG 2**TEKS C: HANTEER KRITIEK MET GRASIE**[Verwerk uit: <http://www.lifehack.org>]

Direkte aanhaling	Eie woorde
<p>Niemand hou daarvan om gekritiseer te word nie. Daarom lei kritiek dikwels tot negatiewe emosies. Wat kan jy doen om kritiek positief vir jou te laat werk? Tejvan Pettinger gee die volgende wenke.</p> <p>Voel jy miserabel oor kritiek? Al mag kritiek vir jou negatief lyk, is daar gewoonlik 'n stukkie waarheid in. Evalueer eerstens kritiek om te kyk of dit dalk regverdig is oor iets wat jy wel verkeerd gedoen het. 'n Belangrike wenk is om onregverdige kritiek te ignoreer as jy weet dat jy onskuldig is.</p> <p>Die persoon wat jou kritiseer se aggressiewe stemtoon of lyftaal kan dieselfde reaksie by jou uitlok. Daarom is dit absoluut nodig dat jy so kalm moontlik op kritiek moet reageer as jy met grasia wil optree.</p> <p>Nog 'n wenk is om nie dadelik op kritiek te reageer nie! Die rede hiervoor is dat, as jy tot later wag, jy minder kwaad of seergemaak sal voel. Hoe moet jy op kritiek reageer om te wys jy is in beheer? Glimlag terwyl jy na die kritiek luister, selfs al voel jy nie gelukkig daaroor nie.</p> <p>Die moeilikste wenk is seker om nie kritiek persoonlik op te neem nie. Oorsensitiewe mense vergeet gewoonlik kritiek handel oor <i>iets</i> wat hulle doen en wat hulle kan verander. Daarom gaan sit hulle in 'n hoekie om hulself te bejammer.</p> <p>Waardeer dit as iemand jou regverdig kritiseer. Daardie persoon kon jou geïgnoreer het sodat jy later weer dieselfde fout maak.</p> <p>As jy hierdie wenke volg, kan jy kritiek met grasia hanteer.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Jy moet die regverdigheid van die kritiek vasstel./Evalueer of die kritiek dalk regverdig is./Evalueer of jy dalk wel iets verkeerd gedoen het wanneer jy gekritiseer word. 2. Ignoreer onregverdige kritiek (as jy weet dat jy onskuldig is). 3. Bly so kalm moontlik as iemand jou kritiseer. 4. Jy moenie dadelik reageer as jy gekritiseer word nie. 5. Jy moet glimlag terwyl jy na kritiek luister. 6. Jy moenie kritiek persoonlik opneem nie. 7. Jy moet altyd regverdige kritiek waardeer. <p>(61 woorde)</p>
TOTAAL AFDELING B: 10	

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 September 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die groot hoofletters trek die leser se aandag. • Die groot hoofletters lig die woorde “LADISMITH BOTTER – ALMAL SE KEUSE” uit. • Die groot hoofletters beklemtoon (dat almal Ladismith botter verkies). (Enige EEN) 	1	3
3.2	haar	1	1
3.3	Die ma word gestereotipeer as die een wat verantwoordelik vir kosmaak is.	1	6
3.4	<ul style="list-style-type: none"> • D • “eksklusiewe” • D “eksklusiewe” (Enige EEN) 	1	4
3.5	heerlikste	1	2
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • Wat ook al jou smaak, Ladismith het net die botter vir jou. • Wat ook al jou smaak, Ladismith het net die botter vir jou! • Wat ook al jou smaak, Ladismith het net die botter vir jou ... (Enige EEN) 	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
3.7	<ul style="list-style-type: none"> Die idee word geskep dat, as jy 'n trotse/lojale Suid-Afrikaner is, jy die produk sal koop. Dit toets jou lojaliteit as Suid-Afrikaner. Suid-Afrikaners kan verplig voel om die botter te koop (om hul Vaderlandsliefde te bewys). (Enige EEN of soortgelyk) 	1	6
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Dit skep/beklemtoon die idee dat dit 'n botter van goeie gehalte is. Dit beïnvloed/manipuleer mense om die botter te koop. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	6
3.9.1	<ul style="list-style-type: none"> Om die leser se aandag op die botter te vestig. Om die produk/botter uit te lig. Sodat die leser die botter maklik kan sien. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	6
3.9.2	<ul style="list-style-type: none"> Hulle glimlag. Hulle gesigsuitdrukking wys dat hulle gelukkig is. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	6
SUBTOTAAL:			[10]

VRAAG 4			
TEKS E: STROKIESPRENT			
[Uit: www.daniecronje.co.za]			
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.1	Ek en Jako het 95% vir ons Wiskundetoets gekry!	1	3
4.2.1	<ul style="list-style-type: none"> 95% is in vetdruk. 95% is 'n groter lettertipe as die ander woorde. (Enige EEN) 	1	3
4.2.2	(Die) !/uitroepteken	1	1
4.3	ons	1	1
4.4	Neelsie probeer die indruk skep dat hy 95% vir die Wiskundetoets gekry het.	1	5
4.5	<ul style="list-style-type: none"> A nie gewoond is aan sulke punte nie. A nie gewoond is aan sulke punte nie. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	4

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
4.6	<ul style="list-style-type: none"> Die pa het plooi op sy voorkop./Pa het gefrons. Die pa se wenkbroue is opgetrek. Die pa se oë is groot/lyk half verskrik. Die pa se mond hang oop/mondhoeke is afgetrek. (Enige TWEE of soortgelyk) 	2	3
4.7	Goed/Reg	1	1
4.8	behaal/verwerf	1	1
SUBTOTAAL:		[10]	

VRAAG 5**5.1 TEKS F: GOEIE MANIERE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Oktober 2013]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.1	Ouma sê dat goeie maniere belangrik is.	1	3
5.1.2	Jou ouma is altyd reg.	1	3
5.1.3	wurmpie	1	3
5.1.4	werkspartytjie	1	3
5.1.5	<ul style="list-style-type: none"> Al die ander het die boodskap (gekry) ✓dat hulle iets moes saambring✓(gekry). Al die ander het die boodskap (gekry) ✓dat hulle iets moes saamgebring het✓ (gekry). (Enige EEN) 	2	3
5.1.6	<ul style="list-style-type: none"> Daar was nie 'n boodskap nie. Daar was geen boodskap nie. (Enige EEN) 	1	3
5.1.7	<ul style="list-style-type: none"> Die gas in die bottel Coke het verdamp. Die gas in die lug ruik sleg. Die stoof het gas nodig. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	5
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> Sjokolade word altyd deur 'n gasvrou verwelkom. Sjokolade word altyd verwelkom deur 'n gasvrou. (Enige EEN) 	1	3

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • D • iemand in onsekerheid te hou. • D iemand in onsekerheid te hou. (Enige EEN) 	1	2
5.1.10	ongemanierde	1	3
5.1.11	telefoongesprekke	1	1
5.1.12	doodseker	1	3
5.1.13	Dit is die beste om dadelik te bel sodat jy om verskoning kan vra.	1	1

5.2 TEKS G: PRENT[Verwerk uit: *Die Burger*, 11 Junie 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	DENK-VLAK (Bloom)
5.2.1	koerant	1	1
5.2.2	pasiënt	1	1
5.2.3	kruisie	1	1
5.2.4	koppenent	1	1
5.2.5	masker	1	1
5.2.6	stetoskoop	1	1
SUBTOTAAL:			[20]
TOTAAL AFDELING C:		40	
GROOTTOTAAL:		80	